Rustenburg Gemeenskapskerk
Posbus/PO Box 20146
Proteapark
0305
Cell:066 270 3086
E-mail: esta1@vodamail.co.za

**Weeklikse Brood vir 29 Maart – 4 April 2020**
**Vyfde** week in **Lydenstyd**
**Skriflesing vir die week: Esegiël 37: 1-14**
Skriflesing vir volgende week: *Matteus 26: 14 -27: 66*

**Sondag - *Ingenooi in God se rus en tyd***

**Psalm 130: 5** in die Direkte Vertaling verwoord die wag op die Here: "Ek wag op die Here; my hele wese wag, en op sy woord vestig ek my hoop." Maak hierdie woorde jou eie.

- ✓ Esegiël praat met die volk wat in ballingskap en wanhoop verkeer. 'n Mens kan dink hy praat oor geraamtes op 'n slagveld; dit is immers oorlog en ballingskap totdat jy agterkom die dooie bene is die lewende volk wat alle moed verloor het en gedink het hulle is afgesny van God, ver van sy teenwoordigheid.
- ✓ God bring deur die profeet Esegiël die hoop dat sy "*ruach*" (wind, gees, asem) hulle weer sal leer hoop op Hom wat lewe bring.
- ✓ Die woorde dra die boodskap oor dat slegs God hoop kan bring in wanhoop en verlatenheid.

Lees ***Esegiël 37: 1 - 14***.

- ✓ Die Gees wat van God uitgaan, skep nuwe lewe - selfs uit droë doodsbeendere. Wanneer God die asem van sy Gees in mense blaas erken hulle wie Hy is.
- ✓ Aanbid die Here wat die Gees op sy kerk uitgestort het.

***Maandag - Luister na God se Woord***

- ✓ Die jaar 586 v.C. was 'n donker tyd toe Jerusalem geval het voor Babiloniese invallers. Die profeet sit saam met die room van die verbondsvolk in ballingskap in Babilonië. Hulle leefwêreld het ineengestort en hulle wanhoop. In die troostelose situasie gee God vir Esegiël 'n visioen van hoop om sy volksgenote aan te spoor.

Lees ***Esegiël 37: 1 - 14.***

- ✓ Die Hebreeuse woord *ruach* kom in die 14 verse nege keer voor en word vertaal met gees, asem of wind. Dit dui op die lewegewende krag wat van God kom, Hy wat ons lewensasem in ons blaas en ons in tye van wanhoop hoop gee.
- ✓ Wees vandag bewus van jou eie asemhaling. Weet God is nooit ver nie - so naby soos jou asem. En God is groter as die Corona virus.
- ✓ Vir mense wat gesê het "dit is klaar met ons" skenk God se Gees nuwe lewenskrag.

***Dinsdag - Luister na mekaar***

- ✓ In die Lydenstyd is ons diep bewus van ons sonde en hoe maklik ons wanhoop. Ons is bewus daarvan dat ons maklik saampraat met die wat slegs die slegte raaksien.
- ✓ Miskien het ons al te maklik dooie bene tussen ander dooie bene geword, Wees vandag bewus van jou verlange na God se lewegewende teenwoordigheid.

Lees ***Esegiël 37: 1 - 14***.

- ✓ Die laagte vol droë bene is simbolies van die toestand waarin Israel verkeer. Voel jy soms die Here is te ver?
- ✓ Watter hoop bied die Here deur hierdie visioen vir sy kinders in nood en depressie?
- ✓ Bid dat die Here jou sensitief sal maak vir medegelowiges wat alle hoop verloor het. Vra die Gees om jou te gebruik om hulle hoop op Hom te laat herleef.

***Woensdag - Luister na ander en die tye***

Lees ***Johannes 11: 1-45***.

- ✓ Sally McFague gebruik die metafoor van God as Vriend om ons te help in wanhoop: "... we ask God the friend to support, forgive, and comfort us as we struggle together to save our beleaguered planet, our beautiful earth, our blue and green marble in a universe of silent rock and fire. Just as betrayal is the sin of friendship in which one hands over the friend to the enemy, so intercessory prayer is the rite of friendship in which one hands over the friend to God. When we pray for our friend the earth, for whose future we fear, we hand it over not to the enemy but to the Friend who is freely, joyfully, and permanently bonded to this, our beloved world. The model of God as friend defies despair."

### *Donderdag - Luister weer na God se Woord*

- ✓ Ons hoop en die lewe wat ons voluit leef, maak ons getuies van God se oorvloedige lewe waarin ons deel. Wanhoop en vertwyfeling is 'n sterk krag. Dit is om rondom jou na die wêreld te kyk en moed op te gee, te dink niks sal ooit beter word nie.
- ✓ Die antwoord op wanhoop is hoop, maar dit kan maklik stroperig of absurd klink.

Lees ***Esegiël 37: 1 - 14*** en ***Handelinge 2: 1-21***.

- ✓ Albei tekste bevat 'n boodskap van hoop vir moedelose, verslae mense. Die lewendmakende Gees is die handelende Persoon.
- ✓ God praat en sy bonatuurlike krag bring die verdorde beendere na mekaar toe. Die Heilige Gees kom uit vier windstreke en blaas lewe in die doodsbene wat tot liggame herskep word. Die vier windrigtings beklemtoon dat elke duimbreedte van die wêreld steeds aan God behoort, nie aan Marduk, die god van die Babiloniërs nie.
- ✓ Die dood spreek nie die laaste woord nie; God lei sy mense terug na die lewe. Wanneer sy Gees in hulle kom, sal hulle die Here as God in 'n nuwe verbondsverhouding erken.
- ✓ Toe die Heilige Gees uitgestort is, kom daar uit die hemel 'n geluid soos die van 'n kragtige stormwind wat die hele huis vul. Vuurtonge verskyn, verdeel en daal neer op elkeen wat teenwoordig is. Hulle begin in ander tale met die skare praat oor God se groot dade. Mense uit 15 gebiede hoor die evangelie in hulle moedertaal. God begin sy nuwe volk uit al die nasies bymekaarmaak. Die Gees skep lewe en gee krag. Dié genadeboodskap moet wêreldwyd weerklink. Die ontvangers word verspreiders van nuwe lewe.

### *Vrydag - Fokus op wat God nou doen*

- ✓ Lydenstyd het 'n tweeledige karakter. Dit is 'n uitnodiging tot berou en verootmoediging (maar dit is nie neerdrukkend nie) terwyl dit ook leweskeppend is deur dinge wat God se genade verduister, te konfronteer.

Lees ***Psalm 130*****.**

- ✓ Sy vergifnis van sonde herstel ons geregtigheid voor God en bring vernuwing van hoop en lewe.
- ✓ Wag op die Here; erken sy troue liefde en verwag sy verlossingswerk.

### *Saterdag - Antwoord met jou lewe*

Lees ***Johannes 11: 1-45.***

- ✓ Johannes 11beskryf hoe Jesus sy vriend Lasarus uit die dood opwek, die een vir wie Hy lief was en by wie se graf Hy gehuil het. In die Johannes-evangelie word ons almal God se vriende.
- ✓ Onthou: *The model of God as friend defies despair*.
- ✓ God het in liefde uitgereik na die sondige, sterwende wêreld deur sy Seun en lewendmakende Gees. Hy is steeds besig om sy skepping heel te maak; sy koninkryk te laat kom. Die Heilige Gees stuur jou uit in die wêreld wat in vrees en wanhoop lewe.

# Familie Tuisblad

**29 Maart – 4 April 2020**

in samewerking met NG Gemeente Rustenburg - Suid en nous.org.za

**Fokus vers**

**Esegiël 37: 14**
Ek sal my asem in julle gee, en julle sal lewe.

**Tema van die week**

God belowe lewe.

**Bybel tyd**

**So:** Esegiël 37: 1-14
**Ma - Di:** Psalm 130
**Wo - Do:** Romeine 8: 6-11
**Vr - Sa:** Johannes 11: 1-45

**Bid tyd**

**Dankgebed (Gebed voor ete)**
Dankie dat U vir ons lewe gee, ook deur hierdie kos. Amen.

**Oorgee - gebed**
Laat my die boodskap bring soos wat U dit wil hê. Amen.

**Seëngebed (Seën mekaar elke oggend so)**
Mag jou woorde vir mense vandag hoop en lewe bring.

**Gesels tyd**

Ons gesels saam oor ons lewe en geloof

Lees die **Tekste** soos aangedui in **Bybel - tyd** hierbo.

**Oopskop vraag:** Wat het jou geraak in die teksgedeelte en watter vrae het by jou opgekom?

**Raakvat vra:**
- Waar het jy die eerste keer gesien hoe lyk 'n geraamte? Hoe sal jy voel as 'n geraamte begin beweeg?
- Wat moet Esegiël doen in hierdie gedeelte? Wat is sy taak?
- Wanneer voel mense dat daar nie meer hoop of herstel moontlik is nie?
- Hoe bring die Here weer nuwe lewe in die wêreld van vandag wat in isolasie is a.g.v. die Corona virus?
- Vertel van 'n keer toe iemand se woorde vir jou hoop gegee het.

**Speel tyd**

Ons spandeer kwaliteit - tyd saam

Laat elke persoon van die groep 'n geraamte maak uit papier. Dit kan geteken word, of uit papier geknip word.

By http: //www.instructables.com/id/Paper-Plate-Skeleton/ kan julle 'n gids vind wat verduidelik hoe om oulike geraamtes uit papierborde te maak.

Kies 'n teksvers uit Esegiël 37: 1-14. Skryf dit op 'n groot vel papier. Sit die geraamtes teen 'n muur op, met die teksvers langsaan.

**Doen tyd**

Ons oefen ons geloof op 'n praktiese manier

Stuur 'n kers vir iemand wat dalk in 'n vasgevangde situasie is. Herinner die persoon dat die Heilige Gees teenwoordig is en dat die flikkerende kersvlam 'n herinnering is aan God se Gees wat teenwoordig is.

**Leef tyd**

Ons leef ons geloof heelweek uit

Tydens een ete van elke dag gee julle vir elkeen 'n geleentheid om kortliks te vertel van iets mooi of hoopvol wat hulle daardie dag gesien het, maar waar hulle self niks hoef te gedoen het om dit te laat gebeur nie. Amper soos Esegiël wat net gesien het hoe die bene lewe kry.

**22 - 28 Maart 2020**
**Bybelstudie: *1 Samuel 16: 1-13***
Volgende week: *Esegiël 37: 1-14*

[1]Die mag van die Here het my in besit geneem en my deur die Gees van die Here uitgebring en
neergesit binne-in ’n laagte. Die laagte was vol bene. [2]Die Here het my om die bene laat loop, en
ek het gesien daar is baie bene in die laagte en hulle is baie droog. [3]Toe vra Hy vir my: “Mens, kan
daar in hierdie bene weer lewe kom?” Ek het geantwoord: “Nee, dit weet net U, Here my God.”
[4]Hy sê toe vir my: “Tree op as profeet vir hierdie bene en sê vir hulle: Hoor die woord van die Here,
droë bene! [5]So sê die Here my God vir hierdie bene: Ek gaan gees in julle laat kom sodat julle kan
lewe: [6]Ek sal vir julle senings en vleis aansit en julle oortrek met vel en dan sal Ek gees in julle gee
sodat julle kan lewe. Dan sal julle besef dat Ek die Here is.”

[7]Ek het toe as profeet opgetree soos ek beveel is, en terwyl ek dit doen, hoor ek ’n gedreun: die
bene het na mekaar toe beweeg, elkeen na die been toe wat by hom pas. [8]Terwyl ek kyk, kom daar
senings en vleis aan hulle en word daar vel bo-oor getrek. Maar daar was nog nie gees in hulle nie.
[9]Toe sê die Here vir my: “Praat nou as profeet met die gees, tree op as profeet, mens, sê vir die
gees: So sê die Here my God: Kom uit die vier windstreke, gees, blaas in hierdie dooies in dat hulle
kan lewe.”

[10]Ek het as profeet opgetree soos die Here my beveel het, en toe kom die gees in hulle, en hulle
lewe en gaan staan regop. Dit was ’n baie groot menigte. [11]Die Here het vir my gesê: “Mens, al
hierdie bene stel die hele Israel voor. Hulle sê: ‘Ons bene is uitgedroog, ons het geen hoop meer
nie, dit is klaar met ons.’[12]Tree op as profeet, sê vir hulle: So sê die Here my God: Ek sal julle grafte
oopmaak en julle laat uitkom, my volk, en Ek sal julle terugbring na die land Israel toe. [13]Wanneer
Ek julle grafte oopmaak en julle laat uitkom, my volk, sal julle besef dat Ek die Here is. [14]Ek sal my
Gees in julle laat kom sodat julle kan lewe en Ek sal julle in julle land laat woon. Dan sal julle besef
dat Ek die Here is. Ek het dit gesê en Ek sal dit doen,” sê die Here.

Die gedeelte bevat die bekende visioen van dooie bene wat lewendig word. Esegiël ontvang die visioen teen die einde van 586 V.C. rondom die val van Jerusalem. Die visioen is een van hoop en dien as aansporing om aan die Here vas te hou ten spyte van ’n hopelose toestand.

**Die hooftrekke van die boek**
Die roeping van die profeet 1–3
Uitsprake oor Jerusalem 4–24
Uitsprake oor die heidennasies 25–32
**Verlossing vir die verbondsvolk 33–37**
Uitsprake teen Gog 38–39
Die visioen van die nuwe tempel en die herstelde samelewing 40–48

**Historiese konteks:**

- Hierdie visioen dateer uit die tydperk in die geskiedenis wat bekend is as die Babiloniese ballingskap. In 597 v.C. het die leërs van Babilon Jerusalem tot oorgawe gedwing en die Judese koning en baie Judese leiers is na Babel gedeporteer (2 Konings 24: 10-16). Tien jaar later, in 587/6 v.C., nadat Jerusalem weer rebelleer, brand die Babiloniërs Jerusalem en die tempel af en deporteer ’n tweede groep Judese leiers. Onder die eerste groep ballinge was die jong Esegiël vir wie God later in Babilon roep tot profeet. Vir die ballinge was die toekoms duister.
- ‘n Eeu-en-'n-half vroeër is baie burgers van Juda se susterkoninkryk, Israel, op soortgelyke wyse gedeporteer en hul identiteit verloor. Die ballingskap was meer as net ’n krisis van fisieke lyding en gemeenskaplike identiteit. Dit het ook ’n geloofskrisis tot gevolg gehad. Die belangrike simbole van hul geloof - Jerusalem, sy tempel, sy mense, en die Dawidiese monargie - was vernietig (vgl. Psalm 89 en 137). Baie mense het begin wonder of die Here waarlik God is en of Hy getrou is.

Nadat Esegiël sy uitsprake oor die vreemde nasies aangekondig het (25: 1–32: 32) kondig hy ’n nuwe toekoms vir Juda aan te midde van al haar bedreiging (33: 1–39: 29).

**Vers 1 tot 3** – In dié inleidings woorde word die fisiese ervaring van die visioen treffend beskryf. God se hand kom op die profeet en gryp hom uit sy alledaagse lewe uit na ’n plek waar hy die Here kan ontmoet. Die beskrywing herinner aan die ervarings van die groot profete van die verlede (vgl. 1 Kon 18: 12, 46 **- Elia**; 2 Kon 2: 16 **- Elisa**). Dat die Here aan die werk is in die visioen, word aangedui deur die verwysing na God se hand en die werk van sy Gees. Die Gees van die Here is hier ’n verwysing na God se krag. Dis dus nie in die eerste plek ’n verwysing na die Heilige Gees as Persoon nie.

Die hoop droë bene is ’n simbool van totale verslaentheid. Onbegrawe bene (wat onrein is) is naamlik ’n kragtige beeld vir ’n volk wat totaal verslaan en sonder eer is. Juda lyk vir die wêreld soos ’n hoop droë bene wanneer hulle in ballingskap is. Die *retoriese* vraag (Wat sien jy?) van God aan die profeet is kenmerkend van visioene (vgl. Jer. 1: 11, 13; Amos 7: 8; 8: 2; Sag 4: 2, 5). Esegiël kan net verleë op die vraag antwoord dat net God die antwoord op so ’n sinlose vraag ken. Hy ken nie die antwoord nie. Maar hy ken wel vir God.

**Vers 4 tot 6** – Esegiël moes ontdek dat die Here enige toestand – selfs die hopelose toestand van Juda - kan oorwin. Die Here roep hom dan ook om as profeet die Here se woord te spreek sodat sy Gees die bene kan laat lewe. Hy moet aktief deelneem aan die herstel van Juda. Die Gees van die Here gee nie net vir die *profeet* krag nie (dit het aan hom krag verskaf om op sy voete te kom nadat hy platgeval het op die aarde in 2: 2 en 3: 24). Dit gee ook nuwe lewe aan *sy volk*.

**Vers 7 tot 10 -** Die Woord van die Here veroorsaak ’n beweging, ’n gedreun – die bene word weer ’n liggaam van vleis, sening en vel. God se Woord omskep chaos in orde. Wat verstrooi was, word bymekaargebring. Die liggaam was egter nog leweloos. Daarom moet die Gees van die Here eers weer Israel se lewensasem inblaas soos by die skepping van die eerste mense (Gen 2: 7). Soos met die skepping waar Adam eers gevorm is en toe van God sy lewensasem ontvang het, geskied die herlewing van God se volk hier ook in twee stappe. Die Gees van die Here word beskryf dat dit vanuit die vier windrigtings kom. Dit dui daarop dat die Here alomteenwoordig is. Verder beskik net hy oor lewe en dood. Marduk, die god van die Babiloniërs wat Jerusalem ingeneem het, is daarom nie sterker as die Here nie, al is die volk verslaan.

**Vers 11 tot 14 -** In die verse word die visioen verklaar. Soos in verse 3, 4 en 9 hoor die profeet weer God se stem. Nou word vrae en opdragte egter vervang met ’n verklaring. God maak dit duidelik dat Juda se dae getel was (Ons bene is uitgedroog, ons het geen hoop meer nie, dit is klaar met ons). Dis egter nie God se laaste woorde nie. Teenoor die volslae hopeloosheid van Israel, staan Sy beloftes van herstel. En niks gaan God keer om Sy beloftes te vervul nie, nie eers die dood nie.

**Uitleg**
Die verklaring van die visioen sluit nou aan by 36: 27, waar die Here beloof het dat Hy weer sy Gees in sy volk sou sit, en 36: 28 waar Hy belowe dat hulle weer in hulle land sal woon. Hulle sou weer die kans gegun word om as verbondsvolk in die land wat God aan hulle belowe het te leef.

**Teologiese simboliek:**
- 'n Interessante element in die verhaal, is die multidimensionele betekenis van die Hebreeuse ruach. Hierdie woord kan “gees”, “wind” of “asem” beteken.
- In hierdie visioen sinspeel die profeet op al drie betekenisse as deel van sy strategie om God se belofte van terugkeer uit ballingskap duidelik oor te dra aan die ballinge.
- In vers 1 sê Esegiël dat die gees van die Here (ruach) hom ’n visioen gegee het van ’n vallei vol droë bene. Soos reeds opgemerk, is hierdie visioen ’n eggo van die mense se klaaglied. Die vraag is: “Kan hierdie bene lewendig word?”

- Die sleutel tot die verstaan van hierdie verhaal is: vir die bene om te lewe, moet dit nie net vel, spiere en senings kry nie, maar ook asem: “Ek gaan gees in julle laat kom sodat julle kan lewe” (vers 5). Terwyl Esegiël kyk, “kom daar senings en vleis aan hulle en word daar vel bo-oor getrek. Maar daar was nog nie gees in hulle nie” (vers 8). Esegiël profeteer toe weer: “So sê die Here my God: Kom uit die vier windstreke, gees, blaas in hierdie dooies in dat hulle kan lewe” (vers 9). “En toe kom die gees in hulle, en hulle lewe en gaan staan regop” (vers 10).
- Die profeet se deurlopende gebruik van herhaling beklemtoon die boodskap: Die Gees van God is die sleutel. Met die Gees van God is enigiets moontlik. Sonder die Gees, is dit net vlees en bloed. Met die Gees, is daar lewe (vgl. ook Rom 8: 31-38). Die visioen is dus een van hoop en dien as aansporing om aan die Here vas te hou ten spyte van ’n hopelose toestand.

**Bibliografie**


- Bybellennium
- Allen, L C 2002. **Ezekiel 20-48**. (Word Biblical Commentary 29.)
- Zimmerli, W 1983. **Ezekiel : A commentary on the Book of the Prophet Ezekiel. Vol. 2** (Hermeneia)
- Cooper, LE 1994. **Ezekiel. (The New American Commentary. Vol. 17.)**
- Joubert, Stephan en Leonard Maré 2015. **Ontsluit die Bybel**. CUM.

**22 - 28 Maart 2020**
**Die Here bring lewe**
**Esegiël 37: 1-14**

Jesus Leef en ons met Hom

**1. Kontak met mekaar**
Aankoms, verwelkoming *en verversings*.

**Ysbreker**

Vertel van 'n tyd wat jy gedink het: "Hier kan niks goeds uitkom nie!" óf "Hier is geen salf aan te smeer nie" óf "Ons is in 'n doodloopstraat" en waar dit heeltemal anders uitgedraai het.

**2. Kontak met God**
Neem 'n paar oomblikke. Raak stil en rustig. Haal diep asem. Lees **Psalm 130** as 'n gebed. Waarvoor wil jy vandag die Here loof?

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings van die afgelope week. Dank God daarvoor.

**3. Kontak met die Woord**
Bid dat die Gees die teks vir julle sal oopbreek. Lees dan **die week se teksgedeelte.**

Noem die dinge in die teks wat jou aangespreek of laat wonder het.

**Gesels oor die volgende:**

- Skets die volgende scenario en gesels oor die gepaardgaande vrae: Julle is in 'n slegte situasie vasgevang. Ver weg van julle bekende omgewing, huise en familie. Julle kry swaar, alles wat julle ken is vernietig. Julle is honger en die toekoms lyk duister. Dit voel asof God julle verlaat en vergeet het. Hoe voel jy? Wat is jou diepste behoefte? Wat sal jy vir God sê? Wat verwag jy van God se profeet? Wat sal vir jou troos gee?
- As ons in ag neem dat die volk in ballingskap was en swaargekry het – wat dink julle is die boodskap van hierdie verhaal?
- Die gedeelte bestaan uit 'n klaagpsalm en 'n profetiese boodskap van bevryding. Identifiseer dit in die teks.
- Wat is nodig vir die bene, vel, spiere en senings om werklik te lewe?
    - Wat leer ons hieruit?
- Dink aan jou eie lewe.
    - Hoe help hierdie teks jou?
    - Wat moet jy anders doen?

**4. Bedien mekaar:**
Deel gebedsversoeke en skryf dit in julle gebedsdagboeke en bid in die week daarvoor. Onthou om ook gebedsverhoring en Godservarings neer te skryf.

Dra die gebedsversoeke aan God op. Sluit af met gesamentlike gebed.

**Vir die begeleier:**
Die boek Esegiël is 'n lewensverhaal van die profeet Esegiël. Hy is as een van die Joodse ballinge na Babilonië weggevoer teen 597 v.C. Hy preek vir 22 jaar en sy laaste opgetekende boodskap kom in die sewe en twintigste jaar van sy ballingskap voor (29: 17). Die ballingskap was die grootste katastrofe en ramp wat die Here se mense nog ooit getref het. Wanneer dit gebeur, reageer mense deur óf in ontkenning die werklikheid van hulle ellende raak te sien en ook vir God raak te sien óf hulle raak só wanhopig dat die lewe heeltemal alle sin verloor. Esegiël vertel van die katastrofe, maar dat God in die katastrofe aan die werk is.

Laat almal hulle oë toemaak en ontspan voordat jy die scenario skets.  Jy kan dit nog meer inkleur as jy wil.  Die bedoeling is dat die groep iets sal beleef van die volk se slegte omstandighede in ballingskap.

# Familie Tuisblad

**29 Maart – 4 April 2020**

in samewerking met *NG Gemeente Rustenburg - Suid* en *nous.org.za*

**Fokus vers**

**Esegiël 37: 14**
Ek sal my asem in julle gee, en julle sal lewe.

**Tema van die week**

God belowe lewe.

**Bybel tyd**

**So:** Esegiël 37: 1-14
**Ma - Di:** Psalm 130
**Wo - Do:** Romeine 8: 6-11
**Vr - Sa:** Johannes 11: 1-45

**Bid tyd**

**Dankgebed (Gebed voor ete)**
Dankie dat U vir ons lewe gee, ook deur hierdie kos. Amen.

**Oorgee - gebed**
Laat my die boodskap bring soos wat U dit wil hê. Amen.

**Seëngebed (Seën mekaar elke oggend so)**
Mag jou woorde vir mense vandag hoop en lewe bring.

**Gesels tyd**

Ons gesels saam oor ons lewe en geloof

Lees die **Tekste** soos aangedui in **Bybel - tyd** hierbo.

**Oopskop vraag:** Wat het jou geraak in die teksgedeelte en watter vrae het by jou opgekom?

**Raakvat vra:**

- Waar het jy die eerste keer gesien hoe lyk ’n geraamte? Hoe sal jy voel as ’n geraamte begin beweeg?
- Wat moet Esegiël doen in hierdie gedeelte? Wat is sy taak?
- Wanneer voel mense dat daar nie meer hoop of herstel moontlik is nie?
- Hoe bring die Here weer nuwe lewe in die wêreld van vandag wat in isolasie is a.g.v. die Corona virus?
- Vertel van ’n keer toe iemand se woorde vir jou hoop gegee het.

**Speel tyd**

Ons spandeer kwaliteit - tyd saam

Laat elke persoon van die groep ’n geraamte maak uit papier. Dit kan geteken word, of uit papier geknip word.

By http: //www.instructables.com/id/Paper-Plate-Skeleton/ kan julle ’n gids vind wat verduidelik hoe om oulike geraamtes uit papierborde te maak.

Kies ’n teksvers uit Esegiël 37: 1-14. Skryf dit op ’n groot vel papier. Sit die geraamtes teen ’n muur op, met die teksvers langsaan.

**Doen tyd**

Ons oefen ons geloof op ’n praktiese manier

Stuur ’n kers vir iemand wat dalk in ’n vasgevangde situasie is. Herinner die persoon dat die Heilige Gees teenwoordig is en dat die flikkerende kersvlam ’n herinnering is aan God se Gees wat teenwoordig is.

**Leef tyd**

Ons leef ons geloof heelweek uit

Tydens een ete van elke dag gee julle vir elkeen ’n geleentheid om kortliks te vertel van iets mooi of hoopvol wat hulle daardie dag gesien het, maar waar hulle self niks hoef te gedoen het om dit te laat gebeur nie. Amper soos Esegiël wat net gesien het hoe die bene lewe kry.